REGSPERSONE
PALINGGAT OORD

Tel : 028 754 6221
kantoor@palinggat.co.za
Hoofweg-Wes
Posbus 696
STILBAAI
6674

25 Januarie 2022

Vriendelike Palingggat-groete!

Namens die Trustees en Personeel wil ons u almal 'n voorspoedige, vrede en vreugdevolle 2022 toewens.

Nogmaals baie dankie aan al die eienaars, asook die volmagte en persone wat per Teams die Algemene Jaarvergadering op 11 Desember 2021 bygewoon het. Ons het weereens 'n geldige kworum gehad om met die AJV vergadering te kon voort gaan.

Indien u die voordele wat 'n Deeltitel Kompleks bied, wil geniet moet u ook bereid wees om die verantwoordelikhede te aanvaar. U sal bereid moet wees om aanpassings te maak, dit nie net oor individue nie, maar oor die groter gemeenskap. Die Trustees word jaarliks verkies om die eienaars te verteenwoordig. Niks meer en niks minder nie. Ons is daar om ten alle tye u belange te beskerm.

Eienaars wat hul huise privaat verhuur vir die vakansietyd, moet asseblief die huurders self voorsien van huis sleutels en 'n afstandbeheer om die elektroniese hek oop te maak. **GEEN** spaarsleutels sal uit die kluis aan die huurders gegee word nie. Dit is die eienaars se verantwoordelikheid om huurders in te lig aangaande die Oord se basiese reëls.

Gedurende die pas afgelope vakansie het heelwat vakansiegangers die Oord binne gekom met troeteldiere, waarvoor geen permitte bekom is nie. Geliewe te let daarop dat dit die eienaar se verantwoordelikheid is om toe te sien dat 'n permit **VOORAF** by die kantoor vir sodanige troeteldiere bekom word.

Tekens en kennisgewings: GEEN eienaar of bewoner van 'n deel wat vir woondoeleindes gebruik word, mag sonder die skriftelike toestemming van die Bestuurder 'n teken kennisgewing, aanplakbord of advertensie van enige aard hoegenaamd by die opening gedeelte van die gemeenskalike eiendom of van 'n deel aanbring, sodat dit van buite die deel sigbaar is nie.

Daar is inwoners en eienaars wat geneig is om hul probleme direk te rig aan Raadslede. Ons versoek u weer eens om met die Bestuurder te kommunikeer oor u probleme en om dit op skrif te stel en dit in te handig by die kantoor. Ons Bestuurder sorg dat probleme opgelos word of na die Raadsvergadering verwys word indien nodig. So dikwels word probleme met die bure gedeel en word dit later 'n groot onopgeloste probleem omdat dit nooit op die regte tafel beland het nie. Geen probleme moet aan die personeel wat buite werk gegee word nie.

Met meer kinders wat kuier en speel in die oord, wil ons almal wat motors in die oord bestuur maan om asseblief by die spoed beperking van 20km per uur te hou. Ons verwag dat ouers ook hul kinders sal waarsku, Kom ons respekteer mekaar en so kan almal rustig en veilig bly in die Oord.

Ons wil alle eienaars weer daarop wys dat enige aanbouings of verbrekings voorafgegaan moet word deur 'n skriftelike aansoek, gerig aan die Bestuurder. Hy sal dan skriftelik goedkeuring verleen na oorleg met die Tegniese Komitee of Raad van Trustees na gelang van die aansoek. Geen bou of breekwerk mag 'n aanvang neem voordat daardie toestemming van die Bestuurder verkry is nie. Lede van die Raad van Trustees is geensins by magte om mondelingse toestemming te verleen vir enige bou of breek werk aan geboue nie. Indien u onseker is oor hierdie aspek kan u eers die kantoor of Bestuurder nader vir meer inligting.

Neem ook kennis dat die grasperke van wonings en gemeenskaplike parke twee keer per maand gesny word. Tydens Kersfees en Nuwejaar word geen gras gesny nie as gevolg van te veel voertuie en vakansiegangers in die Oord.

Palinggat groete